# Resensies


- Jonker, W. 1998. **Selfs die kerk kan verander**. Kaapstad : Tafelberg.
  (*J.H. van Wyk*) ........ 429
- Van Hoozer, Kevin J. 1998. **Is there a meaning in this text? The Bible, the reader and the morality of literary knowledge**. Leicester : Apollos.
  (*C.J.H. Venter*) ........ 431
- Van Dam, C. 1997. **The Urim and Thummim. A means of revelation in ancient Israel**. Winona Lake, Indiana : Eisenbrauns.
  (*H.F. van Rooy*) ........ 433
- Kretzschmar, L. & Hulley, L. *eds*. 1998. **Questions about life and morality: Christian ethics in South Africa today**. Pretoria : Van Schaik.
  (*J.H. van Wyk*) ........ 434
- Moolman, P. 1998. **Genade deur 'n fyn sif – Oor God se verbysterende genade vir ons, ook en veral in ons swaarkry en krisisse**. Kaapstad : Lux Verbi.
  (*F.P. Viljoen*) ........ 435

# Resensies

**JONKER, W.** 1998. Selfs die kerk kan verander. Kaapstad : Tafelberg. 221 p.
Prys: R69. ISBN 0 624 03732 0.

**Resensent:** *J.H. van Wyk*
(Skool vir Kerkwetenskappe, PUCHO)

In hierdie boek het ons die veelbewoë en plek-plek hartroerende verhaal van iemand wat die NGK besonder liefhet en met al sy gawes gedien het en vir wie se werk daar deurlopend onderwaardering en dikwels selfs afwysing was. Jonker is een van die begaafste seuns wat die NGK hierdie eeu opgelewer het, maar sy bydrae het telkens op verwerping uitgeloop. Hy het deurgaans gestry vir die herstel en behoud van die "gereformeerde karakter" van die NGK (30, 215), wat konkreet beteken het dat hy op twee fronte moes veg: enersyds teen die streep van piëtisme en metodisme (6, 7, 64, 106) en andersyds teen die volkskerk-karakter en die te noue verbondenheid van kerk en Afrikanervolk (7, 43, 64, 112). Dit was 'n stryd teen 'n eienaardige dialektiese verbintenis in die kerk: enersyds apolities (piëtisme) en andersyds oorpolities (apartisme).

Die verhaal begin in Lichtenburg, met kronkelgange oor Pretoria, Amsterdam, Johannesburg, Potchefstroom, Kampen en Stellenbosch. Dit is 'n verhaal waarin baie paaie – en swaarde – gekruis is. Uiteraard is die fokus baie sterk op die NGK en word ander persone en kerke haas terloops ter sprake gebring. Dat iemand wat so getrou vasgehou het aan die gereformeerde aard van die kerk en teologie, dikwels vir 'n "liberalis" aangesien kon word (58, 85), wys net hoe gevaarlik 'n politieke ideologie die oë van kritici kon verblind. Nie Jonker was die liberalis nie, maar veel eerder sy kritici wat vanuit 'n natuurlike teologie gedink het (136)! Elke teoloog wat getrou aan sy gewete en gebind deur die Woord en Gees 'n eie weg wil gaan, sal dikwels as te links vir die regses en te regs vir die linkses beskou word (181). As 'n sensitiewe gees, wat nie die mentaliteit van 'n held het nie (151, 183), trouens, wat telkens 'n groot behoefte aan aanvaarding gehad het (10, 76, 102, 112), het Jonker dikwels baie "pynlike" ervarings (van negativisme) in die kerk ervaar. Die woordjie "pynlik" word ten minste sewentien keer in die boek gebruik. Geen wonder nie dat die pyn soms so groot was dat hy uiteindelik 'n psigiater moes gaan opsoek het (102, 111).

Hy het doelbewus vir ’n ander styl van kerkhervorming as Beyers Naudé gekies, naamlik *van binne uit* en nie *van buite af* nie (130-131, 148, 172). “Ek sou nooit van buite af oor die kerk kon praat nie” (130). Dit het hom weerloser gemaak en groter oopgestel vir seerkry as wanneer hy hom van die kerk sou gedistansieer en van buite af gekritiseer het.

Die GKSA en die Doppers kom ook hier en daar ter sprake. Jonker skryf openlik oor sy “waardering vir die Doppers” en dat hy hom “in baie opsigte aan hulle verwant gevoel het” (37). Daarom verwys hy met pyn na sy strydgesprek met prof. S. du Toit oor die kerkregering in die NGK (37-38). Hy het egter veel meer kritiek teen Totius se teologiese fundering van apartheid (193). Die grootste waardering het hy egter vir prof W.J. Snyman wat op 11 April 1962 ’n artikel in *Die Kerkblad* gepubliseer het waarin hy aanvoer dat kerkverband oor lands- en volksgrense moet strek (56). Aan hierdie woorde van Snyman het Jonker, anders as talle van Snyman se eie studente, sy hele lewe lank getrou gebly en vandaar sy onophoudelike verset teen die oordrewe volksverbondenheid van die NGK. Dis tog opmerklik hoedat iemand êrens net een sinnetjie kan skryf wat dan deur iemand anders opgeneem en toegepas word en wat dan uiteindelik onmeetbare invloed uitoefen.

Ek vind dit jammer dat Jonker nie iets meegedeel het van die gesprekke tussen kerkrade van die NGK en die GK in Johannesburg en wat neerslag gevind het in die blad *Kruispunte* nie. Ek weet nie of ek ’n geheim uitlaat as ek meedeel dat binne hierdie konteks een van sy Johannesburg-kollegas, dr. Andries Venter, my by minstens twee geleenthede in my studeerkamer in Aucklandpark opgesoek en versoek het om hom te help om ’n predikant in die GKSA te word omdat hy die kollegialisme in die ring van Johannesburg (waarvan Jonker in sy boek vertel) nie meer kon hanteer nie. Ek het Andries telkens aangemoedig om dit juis nié te doen nie en sy roeping in die NGK na te kom.

Aan die einde van sy boek sinjaleer Jonker ’n nuwe gevaar vir die NGK, naamlik “die toenemende invloed van die Amerikaanse evangelikalisme ... met sy subjektivistiese inslag …” (215). Oor die groot strydvraag wat tans in die NGK aan die gang is oor die plek van die *Belydenis van Belhar* in die eenheidsgesprek met die VGK, pleit Jonker vir “’n mate van soepelheid” in die hantering daarvan (218).

Jonker kon dit beleef dat die NGK hom losser gemaak het van sy volkskerk-karakter en ’n nuwe benadering, inklusief skuldbelydenis oor apartheid (197), ingeneem het.

Hierdie boek van Jonker is die moeite werd om deur elke meelewende lidmaat, predikant en teoloog gelees te word, aangesien geen enkele kerkgemeenskap

outomaties gevrywaar is teen ’n te noue band tussen kerk en volk, teen ’n volkskerk, teen ’n volksteologie en teen piëtisme nie.

**VAN HOOZER, Kevin J.** 1998. Is there a meaning in this text? The Bible, the reader and the morality of literary knowledge. Leicester : Apollos. 496 p. ISBN 0-85111-463-6.

**Resensent:** *C.J.H. Venter*
(Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

In hierdie hoogs wetenskaplike werk behandel Vanhoozer, navorsingsprofessor in Sistematiese Teologie aan die Trinity International University, die belangrike saak van Skrifverklaring in die huidige tyd. Die inhoud van hierdie studie val veral op die vlak van die Hermeneutiek. Vanhoozer behandel in ’n inleidende hoofstuk die aspek van “teologie en literêre teorie”. In hierdie gedeelte gee hy veral indringend aandag aan drie eeue se literêre kritiek en fokus verder veral op die Hermeneutiek van Augustinus.

Die verdere gedeeltes van die boek word in twee hoofdele verdeel. In deel A wy hy aandag aan strominge wat die interpretasie van ’n teks as ’t ware dekonstrueer (“undoing interpretation”). Hieronder beskryf hy die volgende strominge “… undoing the author, undoing the Book and undoing the reader”.

Die tweede hoofdeel van die boek staan onder die opskrif: “Redoing interpretation”. Hieronder beskryf hy die volgende dimensies: “redoing interpretation, redeeming the text and reforming the reader”. In ’n slothoofstuk (8) bepleit Vanhoozer ’n hermeneutiek van nederigheid en oortuiging.

Dit is veral in die afdeling waarin Vanhoozer die “undoing” van outeur, boek en leser behandel dat hy indringende aandag wy aan die dekonstruksiestandpunt van Derrida. In geen onsekere terme nie beskryf hy hoe die dekonstruksie van Derrida, as dit tot in sy konsekwensies deurgetrek word, interpretasie eintlik onmoontlik maak (“undo”). ’n Deel van die oorsaak waarom die interpretasie van antieke tekste onmoontlik word, is omdat die outeur lankal nie meer daar is nie, en omdat die huidige verklaarder in ’n tyd leef waarin ’n ander kultuur en totaal gewysigde omstandighede heers. In die interpretasieproses skep ook die leser ’n heeltemal nuwe teks. Eintlik sou in hierdie opsig reeds gepraat kon word van ’n mate van ’n verklaring omdat elke leser by die lees van ’n teks die teks interpreteer en sodoende kom tot ’n nuwe队teksskepping. Van ’n “gesaghebbende” verklaring kan egter nie – volgens die dekonstruksieteorie – sprake wees nie. “Reading the text on these terms is like projecting one’s image onto the mirror of

the text, a hermeneutic strategy that sentences the interpretive community to stare at its own reflection" (p. 182). Hierteenoor stel Vanhoozer insake die verklaring van 'n teks: "There is something in the text that can be known, though perhaps not exhaustively. We must therefore distinguish between the exhaustibility of meaning and its indeterminacy" (p. 149). Juis om hierdie rede bepleit Vanhoozer "... redoing interpretation by resurrecting the author, redeeming the text and reforming the reader". Ten opsigte van hierdie uitgangspunt en evalueringswyse ken hy 'n sentrale plek toe aan  die deurslaggewende werk van die Heilige Gees in die verstaan van die Bybelteks. Hy verwoord sy oortuiging so: "The Spirit that enables Peter to say of 'this' (the phenomenon of Acts 2) that it was 'that' (the fulfilment of Joel 2) is the same Spirit who continues to lead the church into new readings that will speak to the situation today" (p. 415).

Ten einde die teks te verklaar, te verstaan en toe te pas vir vandag bepleit Vanhoozer 'n trinitariese hermeneutiek. "The belief that there is something 'in' the text, a presence not of the reader's own making, is a belief in transcendence" (p. 455). Hy motiveer sy standpunt vir 'n trinitariese hermeneutiek soos volg: "If the Father is the locutor, the Son is his preeminent illocution. Christ is God's definitive Word, the substantive content of his message. And the Holy Spirit ... is God the perlocutor, the reason that his words do not return to him empty (Isa 55:11)."  Juis om hierdie rede bepleit Vanhoozer 'n hermeneutiek van "humility and literary knowledge". Die (enkele) positiewe bydrae wat hy aan die dekonstruksie toeken, is dat dit "interpreter's pride" aan bande gelê het. Juis nederigheid word deur Vanhoozer bepleit in die omgang met die Skrif, maar dan nederigheid gepaard met diepe eerbied, juis omdat ons – ook in ons verklaring – diep daarvan bewus is dat die koninkryk van God reeds gekom het en nog volledig moet kom. Juis hierdie laaste woorde – nederigheid en oortuiging – stempel hierdie werk van Vanhoozer tot 'n werk van kwaliteit wat spreek van diepe oortuiging. Al sou alle hermeneute nie met alles saamstem wat Vanhoozer in hierdie boek stel nie, sal baie vir hom respek hê vanweë sy eerbied vir die Woord van God – juis in sy wetenskaplike werk.

**VAN DAM, C.** 1997. The Urim and Thummim. A means of revelation in ancient Israel. Winona Lake, Indiana : Eisenbrauns. 296 p.
Prys: Onbekend. ISBN 0-931464-83-8.

**Resensent:** *H.F. van Rooy*
(Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale, PU vir CHO)

Hierdie boek handel oor een van die onbeantwoorde vrae in die Ou Testament. Wat die Urim en Tummim presies was en hoe dit gefunksioneer het, bly steeds 'n probleem, deels omdat die inligting wat die Ou Testament daaroor bied, onvoldoende is om alle besonderhede oor die aard en funksie van die Urim en Tummim te omskryf. Van Dam poog om in 'n omvattende studie alle relevante inligting te versamel en om op grond daarvan tot 'n nuwe voorstel oor die aard en funksie van die Urim en Tummim te kom.

Die boek bestaan uit drie dele. Die eerste deel is 'n oorsig oor die geskiedenis van die bestudering van die onderwerp. Dit is 'n omvattende behandeling van interpretasies in die verlede, waardeur die belangrikste voorgestelde oplossings gehanteer word en waardeur die sake in geding aan die orde gestel word. Hy wys duidelik dat die siening dat die Urim en Tummim op een of ander wyse aan 'n vorm van die gebruik van die lot verbind was, die algemene konsensus geword het. Van Dam wil egter self nie hierdie siening onderskryf nie.

Die tweede deel van die boek bevat 'n eksegetiese studie van al die plekke in die Ou Testament waar verwysings na die Urim en Tummim voorkom. Dit word gedoen teen die agtergrond van die hele saak van die openbaring van God en die wyse waarop die openbaring in die tyd van die Ou Testament plaasgevind het. Hiervoor bespreek hy onder andere die belangrike saak van openbaring en waarsêery. Hy wys op goeie gronde die verbinding van die Urim en Tummim met die lot af. Hy verbind die gebruik van die Urim en Tummim aan die verskynsel van profesie. Die Urim en Tummim is in die openbaar gebruik, nie in die geheim nie. Sy hipotese is dat die Urim en Tummim na een voorwerp verwys en dat dit waarskynlik een of ander edelsteen was. Dit is deur die hoëpriester gebruik en moontlik was 'n spesiale lig of glans daaraan verbind, waardeur die Here op 'n besondere manier die woorde van die hoëpriester bevestig het. Hy oordeel ook dat die funksie van die Urim en Tummim na die tyd van Dawid tot 'n einde gekom het.

In die derde gedeelte van die boek handel Van Dam oor die teologiese implikasies van sy ondersoek. Algaande het God se woord 'n belangriker plek in die openbaring ingeneem, totdat die geskrewe woord vir vandag alle ander vorme van openbaring vervang het.

Hierdie boek stel ’n hoë standaard en is van belang vir almal wat nadink oor die wyse waarop God hom in Bybelse tye geopenbaar het en die wyse waarop sy Woord vandag steeds gehoor word.

**KRETZSCHMAR, L. & HULLEY, L.** *eds.* 1998. Questions about life and morality: Christian ethics in South Africa today. Pretoria : Van Schaik. 270 p. Prys: R79,95. ISBN 0 627 02358 4.

**Resensent:** *J.H. van Wyk*
(Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

In hierdie waardevolle publikasie oor etiese vrae word oor ’n wye verskeidenheid temas besin.

Die boek bestaan uit vyf hoofdele, naamlik die vraag wat etiek is (1), waarna seksuele en mediese vrae aan die orde kom (2). Deel 3 handel oor sosiaal-etiese kwessies, terwyl deel 4 ekologiese, ontwikkelings- en sake-etiek bespreek. Deel 5 bekyk die vraag oor die pad vorentoe.

In deel 1 word oor die volgende sake gehandel: moraliteit en lewe (A. van Niekerk); die Bybel en etiek (L. Hulley); etiek in Afrika-konteks (N. Richardson).

Deel 2 bestaan uit die volgende: seksualiteit en etiek (L. Kretzschmar); huweliks-etiek (L. Hulley); kontrasepsie en aborsie (L. Kretzschmar & L. Hulley); kernprobleme in mediese etiek (L. Hulley & L. Kretzschmar).

In deel 3 is die volgende aan die orde: wat is sosiale etiek? (M. Mothlabi); ’n etiek vir sosio-politieke transformasie (D. van der Water); rassisme in die post-apartheid Suid-Afrika (N. Koopman); geslag, vroue en etiek (L. Kretzschmar); die teologiese en politieke implikasies van die las van morele skuld (C. Villa-Vicencio).

In deel 4 word oor die volgende besin: ’n teologiese en etiese diskussie oor *The Gold Fields Faith and Earthkeeping Project* (D.F. Olivier); die etiek van volgehoue ontwikkeling (D.N. Field); die etiek van rekonstruksie (L. Hulley & L. Kretzschmar); sake-etiek (L. Hulley).

Deel 5 bevat een opstel oor die uitdaging vir morele sisteme (A. van Niekerk).

Dit is uiteraard onmoontlik om ’n waardering van elkeen van die sewentien afsonderlike hoofstukke te gee. Die hoofstukke is gemiddeld van goeie gehalte, met dié van Field van besondere kwaliteit. Soos uit die bostaande afgelei kan

word, is breed georiënteer en is die meeste moderne etiese vraagstukke betrek, hoewel dit opval dat 'n besinning oor *oorlog* en *geweld* (rewolusie) ontbreek. Miskien is die redakteurs van oordeel dat die Suid-Afrikaanse samelewing tans vreedsaam genoeg is?

Wat waardeer kan word, is die plek wat aan Skrifgetuienis toegestaan word – 'n aspek wat daartoe aanleiding gee dat meestal tot aanvaarbare konklusies geraak word. Oor homoseksualiteit as praktyk word krities geoordeel (66) en eweneens oor aborsie-op-aanvraag (95-96).

Van Niekerk (263) maak die besonder insiggewende opmerking dat kriminaliteit tydens die Groot Depressie in die VSA, asook gedurende die periode van vinnige verstedeliking afgeneem het, terwyl dit tydens die hoogbloei van die ekonomie toegeneem het – 'n aanduiding daarvan dat een van die oorsake van kriminaliteit gesoek moet word in die afwesigheid van morele toerusting van jong kinders tot die ouderdom van ses jaar. Dit onderstreep die gedagte dat uiterlike handelinge uit innerlike oriëntasie voortvloei – en dit is juis waaroor (Christelike) etiek handel.

Wat in al die artikels opval, is die bykans totale gebrek aan verwysing na die werk van Afrikaanssprekende etici. Dat daar byvoorbeeld nêrens na die uitgebreide etiek van Johan Heyns verwys word nie, vind ek onverstaanbaar – en ook onwetenskaplik. Blykbaar loop daar nie net 'n kloof tussen wit en swart etici in Suid-Afrika nie maar ook tussen Afrikaans- en Engelssprekende etici. Dis 'n luukse wat ons ons nie mag veroorloof nie.

**MOOLMAN, P.** 1998. Genade deur 'n fyn sif – Oor God se verbysterende genade vir ons, ook en veral in ons swaarkry en krisisse. Kaapstad : Lux Verbi. 55 p. Prys: R18,50. ISBN 0 86997 728 8.

**Resensent:** *F.P. Viljoen*
(Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale, PU vir CHO)

Mense het soms die vreemdste gedagtes oor God. Hoewel dit ook voorkom by mense wat kommervry leef, toon Moolman aan hoe hierdie verwronge denke sterk na vore kom wanneer mense krisisse beleef. Hy skryf: "Die krisis-uur verwring egter ons reeds verwronge denke oor God en alles wat Syne is nog verder" (p. 7). Die skrywer waarsku teen die katastrofiese gevolge van sodanige verwronge denke, want sodoende verdiep die betrokke lewenskrisis en raak dit 'n diep geloofsworsteling.

Moolman beskryf voorbeelde van hierdie vreemde gedagtes oor God. Daarteenoor beskryf hy basiese geloofswaarhede oor God as die korreksie daarop. Hy druk as't ware hierdie gedagtes deur 'n fyn sif sodat die vreemde gedagtes in die sif agterbly. Wanneer 'n mens sommige van hierdie vreemde gedagtes kan identifiseer en van ontslae raak, kan die gelowige God se genade vir sy/haar lewenskrisisse leer verstaan.

Die boekie bevat die volgende vier dele (hoofstukkies) waarin die genade van God gedefinieer word in teenstelling met die verwronge gedagtes oor God:

Om God werklik te ken
Om te kan glo
Om met God te mag kommunikeer
Om die saak van sonde met God te mag opneem

Elke deel is saamgestel uit kort meditasies aan die hand van Bybelgedeeltes. Telkens toon Moolman uit die Bybel die betrokke verkeerde opvattings aan en stel daarteenoor die Skriftuurlike korreksie.

Die praktiese ervaring wat die skrywer opgedoen het in die pastorale berading van mense wat geloofskrisisse beleef, vind neerslag in hierdie boekie. Die waarde van die boekie lê daarin dat die inhoud daarvan klaarblyklik in die praktyk ontwikkel het. Ons het in hierdie publikasie nie te doen met bloot teoretiese kitsoplossings vir denkbeeldige probleme nie. Tipiese wanvoorstellings oor God word duidelike blootgelê. Op 'n simpatieke en pastorale manier word oplossings vanuit die Bybel vir die probleme gesoek. Die Bybel word hiervoor op 'n verantwoordelike en geldige manier gebruik. Die boekie is aktueel en teologies goed gefundeerd.

Hierdie publikasie is baie geskik vir mense wat self met lewenskrisisse worstel en vir diegene wat hulle wil ondersteun. Hoewel dit eenvoudig geskryf en toeganklik is vir gewone lesers, kan dit professionele pastorale beraders ook baat om hierdie boek te lees.